

# Donderdag 25 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 132

Fokusgedeelte: Psalm 132:11

## Die Koning in ons midde

Die Here het die mens in die begin geskape om sy beeld, sy verteenwoordiger te wees. Die mens se beeldskap is ná die sondeval verbreek en die innige gemeenskap wat daar tussen die Here en die mens was, is vernietig, maar tog het die Here weer versoening bewerk. Hy het sy Seun gegee om in ons midde te kom woon. God die Seun is Immanuel, "God met ons", teenwoordig by ons. Dit is die heerlike feit van die evangelie.

Psalm 132 verwoord Dawid se versugting en ywer om die tempel te bou as simbool dat die Here in die midde van sy volk woon. Dawid kon nie uitvoering aan hierdie versugting gee nie, want hy het bloed aan sy hande gehad. Salomo is deur die Here gekies om hierdie taak uit te voer, maar die ywer het in Dawid gebrand.

Hoekom die ywer vir die huis van die Here by Dawid? Hy het al te deeglik besef hoe afhanklik hy en die volk van die Here se teenwoordigheid in hulle midde is. Deur sy teenwoordigheid by hulle is hulle uit Egipteland verlos. Die Here het hulle in die woestyn gelei en versorg. Hy het aan hulle te ete en te drinke gegee in die woestyn en toe hulle die land moes inneem, het Hy die oorwinnings geskenk.

Die versugting na die Here as Koning in ons midde bring ons ook by die verpligting om ons aan Hom te onderwerp. Christus het onder ons kom woon en Hy het sy Koningskap in die midde van ons lewe kom herstel. Nou moet ons ons aan Hom onderwerp in dankbare gehoorsaamheid, want daardeur getuig ons dat ons ontsag het vir Hom en aan Hom alleen die eer toebring. Waar die Koning in ons midde is en sy kinders in dankbaarheid voor hom buig, sal Hy sy seën gebied.

*Psalm 118-1:1, 10*

*Ds. C Jooste (Christiaan (Waterberg))*